# Motheo Onderwysdistrik

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

## Graad 11

## Vraestel 2

## Mei/Junie 2017

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou 

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings naamlik:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | ’n Opstel | (40 punte) |
| AFDELING B: | EEN lang transaksionele teks | (20 punte) |
| AFDELING C | EEN kort transaksionele teks | (20 punte) |

2. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 95 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 35 minute

3. Skryf in Afrikaans.

4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   • Beplan, redigeer en proeflees jou skryfstukke.
   • Gebruik byvoorbeeld ’n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens. vir jou beplanning.
   • Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
   • Dui die beplanning duidelik aan.
   • TREK ’N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

7. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

8. Skryf jou eie titel neer as jy oor ’n prent in VRAAG 1.5 skryf.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: OPSTEL

Skryf ŉ opstel van 180 - 200 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 1

1.1 **IEMAND WAT EK BEWONDER**

Skryf ŉ beskrywende opstel oor iemand wat jy bewonder (admire).

Dink aan:

- Wie die persoon is
- Drie redes hoekom jy die persoon bewonder (40)

OF

1.2 **EK IS …**

Skryf ŉ opstel waarin jy jouself vir ander mense beskryf.

Dink aan:

- Wat jou naam is.
- Hoe oud jy is
- Wie jou familie is.
- Waar jy bly
- Wat jou positiewe eienskappe is
- Wat jou negatiewe eienskappe is (40)

OF

1.3 **ŉ WARE STORIE OOR VRIENDSKAP**

Skryf ŉ opstel waarin jy ŉ storie vertel van vriende wat goed vir mekaar was.



Kopiereg voorbehou 

Dink aan:

- Wie die vriende was
- Hoe lank hulle al vriende was
- Hoekom hulle vir mekaar goed was 40

OF

1.4

**MY VRIEND EN DWELMS**

Jy het 'n vriend wat aan dwelms (drugs) verslaaf (addicted to) is.




Skryf 'n verhalende opstel oor hoe hy/sy dwelmmiddels gelos het.

Dink aan:
Wie jou vriend/in is
Watter dwelms hulle gebruik het
Hoe sleg die dwelm was
Hoe hy die dwelms gelos het **(40)**

1.5 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor.

1.5.1




(40)

OF

1.5.2



(40)

OF

1.5.3



(40)

OF

1.5.4



**40**

**TOTAAL AFDELING A**:

**EN**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan

**VRAAG 2**

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Skryf aan ’n vriend en vertel in die brief van julle lekker valentyns bal (ball) by die skool.



Dink aan die volgende

- Waar en wanneerdie valentyns bal was.
- Wie almal daar was
- Wat julle gedoen het
- Wie die DJ was
- Hoekom dit so lekker was

**OF**

2.2 **FORMELE BRIEF: GELUKWENSING**

Skryf ’n brief aan jou Afrikaansonderwyser wie se uitslae die beste in Motheo distrik was.

Dink aan:

- Wens jou onderwyser geluk met die toekenning.
- Hoekom jy dink jou Afrikaansonderwyser die beste is. 20

**OF**

2.3 **DIALOOG**

Jy moet 'n onderhoud met jou held voer.

Skryf die onderhoud in dialoogvorm neer.

Begin só:

Thabo: Waar is jy gebore?
Held: Ek is in Botshabelo gebore.
Thabo …..
Held: …. (20)

**OF**

2.4 **TOESPRAAK**

Jy word genooi om by 'n skool te praat oor die gevare van dwelms en drank.



Dink aan:
Hoe mens verkeerde maats maak
Hoe maats jou kan leer om dwelms te gebruik
Hoe mens gehelp kan word
Hoe jou lewe beter kan word (20)

•

**TOTAAL AFDELING B: (20)**

Kopiereg voorbehou 

**EN**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKSTE

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan

**Vraag 3**

### 3.1 ADVERTENSIE

Jou skool gaan 'n kermis hou om geld in te samel vir sokkervelde.

Maak 'n advertensie vir die kermis (*fair*).

Hou die volgende in gedagte wanneer jy die advertensie maak:

- Wie die kermis hou
- Waar die kermis gehou gaan word.
- Hoekom julle die kermis hou
- Wat alles te koop aangebied gaan word die dag.
- Hoeveel die items/kos gaan kos. (20)

LET WEL: Punte word vir inhoud en nie vir versiering toegeken nie

OF

### 3.2 DAGBOEKINSKRYWING

MOEDERSDAG
.
Die jaar was al die kinders by die huis vir Moedersdag.

Maak 'n dagboekinskrywings oor die lekker Moedersdag. (20)

OF

### 3.3 POSKAART

Die graad 11-leerders het na 'n bekende plek getoer

Skryf 'n POSKAART aan jou ouers en vertel van die toer.

Dink aan:
- Waarheen julle getoer het.
- Wat julle alles gedoen het.

- Waar julle gebly het
- Hoe julle gery het

Teken die volgende poskaart oor in jou eksamenboek en beantwoord die poskaart dan.

| | |
|---|---|
| Skryf die poskaart hier | Aan wie?<br>Adres |

(20)

**TOTAAL AFDELING C:** (
**GROOTTOTAAL:** (

Kopiereg voorbehou 